

I. INLEIDING

Hierdie gedragskode is opgestel deur die ouers, leerders en opvoeders van die Hoërskool Grens.

Dit is die geregtelike/wetlike plig van hierdie liggaam om die gedragskode te implementeer/toe te pas om te verseker dat die skool doeltreffend bestuur word en dat dissipline gehandhaaf word.

2. WETLIKE RAAMWERK/DEFINISIES

2.1 Kode: `n Stel reëls om inkonsekwentheid te voorkom.

2.2 Gedrag: Die wyse van optrede en die hantering van ander.

2.3 Gedragskode: `n Algemene gedragskode vir leerders soos gestipuleer in die SA Skolewet van 1996, Seksie 8.

2.4 Leerders: Soos gedefinieer in die SA Skolewet van 1996 (ix).

2.5 Opvoeders: Soos gedefinieer in die Wet op Indiensneming van Opvoeders, 1994.

2.6 Ouers: Soos gedefinieer in die SA Skolewet van 1996 (xiv).

3. BEPALING VAN DIE WET

3.1 Elkeen is gelyk voor die reg en het die reg op gelyke beskerming en voordeel van die reg.

3.2 Daar mag nie regstreeks of onregstreeks onbillike diskriminasie teen iemand op een of meer gronde, met inbegrip van ras, geslagtelikheid, geslag, swangerskap, huwelikstaat, etniese of sosiale herkoms, kleur, seksuele ge-oriënteerdheid, ouderdom, gestremdheid, godsdiens, gewete, oortuiging, kultuur, taal en geboorte wees nie.

3.3 Elkeen het `n ingebore waardigheid en die reg dat daardie waardigheid gerespekteer en beskerm word.

3.4 Elkeen het die reg op vryheid en sekerheid van die persoon waarby inbegrepe is die reg om vry te wees van alle vorme van geweld, op geen wyse gemartel te word nie en nie op `n wrede, onmenslike of vernederende wyse behandel of gestraf te word nie.

4. DOEL EN BELANGRIKHEID VAN DIE GEDRAGSKODE

4.1 Om `n gedissiplineerde en doelgerigte/doelmatige skoolomgewing/ leeromgewing te bevorder.

4.2 Om die sosiale/gemeenskapsgerigte verantwoordelikhede van die skool te bevorder deur leerders toe te rus met bekwaamheid, kennis en vaardigheid.

4.3 Om leierskap by leerders te ontwikkel.

4.4 Die gedragskode moet die optrede van die leerders rig asook diegene wat vir hulle optrede in die skool verantwoordelik is.

5. VERPLIGTINGE

5.1 Elke individu het die reg om sy/haar volle potensiaal te ontwikkel.

5.2 Elke leerder sal gelyke behandeling volgens die wet ontvang.

5.3 Elke leerder sal die inherente waardigheid van ander respekteer.

5.4 Elke leerder sal die oortuigings en kulturele tradisies van ander respekteer.

6. REËLS VIR INTERPERSOONLIKE VERHOUDINGS IN DIE SKOOL

6.1 Leerders moet met hoflikheid en verdraagsaamheid teenoor ander optree en ander in ag neem.

6.2 Leerders moet hulle van aggressiewe en aanstootlike gedrag weerhou.

6.3 Leerders moet wedersydse respek teenoor ander openbaar.

6.4 Leerders moet gesag, eerlikheid en waarheid respekteer.

6.5 Leerders mag nie afwesig wees sonder geldige redes nie.

6.6 Leerders moet by die skoolreëls, skooldrag en skooltye hou.

6.7 Sou dit nodig wees om die skool vroeër te verlaat moet die nodige verlof van die betrokke gesagsfigure verkry word voordat 'n leerder die skool mag verlaat.

6.8 Die personeel is verantwoordelik vir die beskikbaarstelling, verduideliking en toepassing van die reëls en regulasies soos uiteengesit in die Handves vir Grens-Regte.

6.9 Die personeel is op verskeie wyses verantwoordelik vir die kontrolering van leerdervordering, aanwesigheid van leerders en leerdergedrag.

6.10 Die personeel moet te alle tye rolmodelle ten opsigte van gedrag en motivering vir die leerders wees.

6.11 Die ouers vereis dit van die personeel om hoë verwagtinge van hulle kinders te koester.

6.12 Die personeel is daarvoor verantwoordelik om die kommunikasiekanale met die ouers oop te hou en te versterk. Hulle moet bereid wees om die ouers persoonlik te woord te staan.

6.13 Die personeel moet duidelike en gefokusde akademiese doelwitte vir leerders hê. Individuele aandag moet, waar moontlik, aan elke leerder gegee word. Die personeel moet ook op hoogte wees van elke leerder se potensiaal.

6.14 Die personeel is verantwoordelik vir 'n doeltreffende leeromgewing.

7. REËLS OM DIE BESKERMING VAN FASILITEITE TE WAARBORG

7.1 Leerders moet daarna streef om proaktiewe, onafhanklike, kritiese, gedissiplineerde en kreatiewe denkers te wees.

7.2 Leerders moet daarna streef om die skool effektief/optimaal te laat funksioneer.

7.3 Leerders moet die proses van leer aktief ondersteun.

7.4 Leerders mag nooit die lewens van ander in gevaar stel nie.

7.5 Leerders moet die skool se eiendom, asook boeke, oppas en respekteer.

7.6 Leerders moet die skoolomgewing skoon en netjies hou.

7.7 Leerders moet beskerm word teen die misbruik van verslawende middels.

7.8 Leerders moet al die veiligheids- en sekuriteitsmaatreëls wat by die skool getref word om lewens en eiendom te beskerm nakom.

8. DISSIPLINÊRE MAATREËLS TEN OPSIGTE VAN DISSIPLINE

8.1 Dissiplinêre stappe sal geneem word teen enige leerder wat hierdie gedragskode oortree.

8.2 Dissiplinêre stappe sal ooreenstem met:

8.2.1 Seksies 8, 9 en 10 van die SA Skolewet van 1996.

8.2.2 Regulasies met betrekking tot die gedragskode ten opsigte van skorsing en uitsetting van die leerders in 'n Staatskool, soos bepaal deur die Lid van die Uitvoerende Raad.

8.2.3 Definisie van wat ernstige wangedrag behels, soos vasgestel deur die Lid van die Uitvoerende Raad.

9. DISSIPLINÊRE OPTREDE

Onaanvaarbare gedrag word gedefinieer in hierdie dokument as graad 1-, graad 2- of graad 3-oortredings. Vinnige en doeltreffende dissiplinêre optredes moet gedoen word om hierdie oortredings reg te stel.

Wanneer dissiplinêre optrede nodig is, sal die Hoërskool Grens daarna streef om 'n hoë standaard te handhaaf, om konstruktief in benadering te wees en om op positiewe gedragsveranderinge te fokus. Die onderbreking van die normale skoolprogram sal beperk word. Die ouderdom en volwassenheid van die leerder sal die dissiplinêre optrede bepaal. Al bogenoemde faktore moet in ag geneem word wanneer korrektiewe optrede beoog word.

Die volgende is voorbeelde van strafmaatreëls wat gebruik kan word. Daar kan ook gebruik gemaak word van strafmaatreëls waarna later verwys word.

9.1 Gesprek

'n Dissiplinêre gesprek sluit die leerder, onderwyser, graadhoof, skoolhoof en die ouer in. Die erns van die oortreding sal bepaal wie almal teenwoordig sal wees. Die doel van die gesprek is om uitsluitel te gee oor die aard en erns van die leerder se oortreding en om dan gesamentlik 'n strategie te ontwikkel om die leerder se gedrag in die toekoms te monitor. Die gevolge van 'n herhaling van die oortreding moet vir die leerder asook die ouer uitgespel word.

9.2 Onttrekking

Onttrekking is die tydelike verwydering van die leerder vanuit die klaskamer na 'n ander plek van toesig in die skool. Die leerder word dus uit die lokaal gestuur.

9.3 Opvoedkundige Programme

Indien die gebruik van sigarette, alkohol en ander verdowingsmiddels ter sprake is, kan die leerder verplig word om 'n opvoedkundige werkswinkel by te woon. In ernstige gevalle kan daar van ouers verwag word om ook teenwoordig te wees.

9.4 Skorsing

Dit behels die skorsing van leerders vir 'n tydperk van nie langer as een week nie. Indien 'n leerder geskors word, behoort hy/sy op datum te bly met sy/haar skoolwerk, maar hy/sy word onder geen omstandighede toegelaat om aan ko-kurrikulêre aktiwiteite deel te neem nie. Dit is die leerder se verantwoordelikheid om van skoolwerk, huiswerk, toetsdatums en ander opdragte uit te vind. Indien dit skorsing is met die oog op uitsetting, moet daar in hierdie tyd onverwyld met die ouers geskakel word. Die ouers moet ook skriftelik van die oortreding verwittig word en die geleentheid gebied word om teen die uitsetting te appelleer.

9.5 Uitsetting

Uitsetting is die permanente verwydering van die leerder uit 'n betrokke skool. Dit word altyd voorafgegaan deur 'n tydperk van skorsing. Dit geskied slegs wanneer die oortreding van so 'n aard is dat die verdere teenwoordigheid van die leerder by die skool nie in belang van die skool en leerders is nie.

9.6 Strafdetensie

Strafdetensie is 'n verpligte naskoolse bywoning van die leerder onder toesig op Vrydae vanaf 14:00 tot 16:00 tensy anders gereël. Die detensie moet ten minste met 'n 24-uur kennisgewing voorafgegaan word en die ouers moet in kennis gestel word.

9.7 Hoofdedetensie

Dit is 'n verpligte naskoolse diens op Saterdag onder toesig op die skool-terrein. Leerders wat hulle skuldig maak aan wangedrag en ongedissiplineerd optree, kan hiermee gestraf word. Dit sluit leerders in wat herhaaldelik die skoolreëls oortree. Die leerders, asook hulle ouers, moet ten minste 24 uur vooraf kennis kry.

9.8 Spesiale opdragte

As straf of korrektiewe maatreël kan daar aan leerders skriftelike opdragte gegee word. Die opdragte moet egter sinvol wees en korreleer met die leerder se kurrikulêre bevoegdheid. Die tyd wat die leerder aan die opdrag moet spandeer, is van deurslaggewende belang.

9.9 Oorplasing na 'n ander klas

Die hoof het die reg om 'n leerder van een klas na 'n ander te skuif om orde te handhaaf of indien dit in belang van die leerder is.

9.10 Onttrekking van `n Leerder uit `n Groep

As strafmaatreël kan `n leerder gedurende pouses van sy skoolmaats onttrek word. Sekere take kan aan die leerder gegee word om te verrig. Indien die oortreding in `n klaskamer plaasgevind het, kan die leerder ook in die lokaal geïsoleer word. Die leerder kan voor in die klas, by die deur, agter in die klas geplaas word of in die graadhoof se klas.

9.11 Onthouding van Voorregte

Sekere voorregte soos deelname aan die skool se buitemuurse program kan `n leerder verbied word indien hy/sy `n ernstige oortreding begaan het. Die skoolhoof moet hier die finale beslissing gee.

9.12 Terugtrekking van Erekleure en Ampte

Indien `n leerder se optrede van so `n aard is dat dit toon dat hy/sy nie die erekleure wat hy/sy dra of die amp wat hy/sy beklee, waardig is nie, kan dit permanent weggeneem word. Voorregte kan ook opgehef word. Die skoolhoof sal die finale beslissing neem. Daar sal met die ouers geskakel word.

10. GRAADOORTREDINGS

10.1 GRAAD 1-OORTREDINGS

Oortredings wat die ordelike funksionering van die klaskamer, skool en openbare voertuie belemmer.

GEDRAG

DEFINISIE

Onordelike optrede (voertuie)

Aksies wat die ordelike en veilige omgewing van skoolbusse of openbare voertuie benadeel.

Skooldragootredings Leerders wie se voorkoms (klere, hare, skoene, baard) nie voldoen aan die skoolreëls nie.

Elektroniese toestelle

Ongemagtigde gebruik van enige elektroniese toerusting tydens klastyd, saalbyeenkomste, in lokale en op die skoolterrein.

Rommelstrooi

Die rondgooi van papiere, vuilgoed en ander materiaal op die skoolterrein en in die lokale of busse.

Vloekery

Vloek, skeltaal en die wys van obsene tekens tydens skoolure, in busse of wanneer die leerder as `n leerder van die skool geïdentifiseer kan word.

Traagheid

Die laat aankoms by die skool, klasse of saalperiodes.

Skeltaal

Betrokkenheid by beledigings en die maak van aanmerkings teenoor ander leerders, hetsy op die skoolterrein, sportterrein, busse, busse, treine of enige plek waar die leerder die skool verteenwoordig.

Minagtende optrede teenoor personeel

Klik van tong, onderlangse aanmerkings, terugpraat en geluide in klas en gange maak.

10.2 GRAAD 2-OORTREDINGS (Ernstige oortredings)

Strafmaatreëls wat korrekatief aangewend kan word, soos onder andere skorsing en die aanbeveling van uitsetting, kan saam met die strafmaatreëls soos by graad 1-oortredings aangetoon, gebruik word. Die erns van die oortreding sal weer eens die straf bepaal.

GEDRAG

DEFINISIE

Intimidasie

Om `n medeleerder en/of opvoeder met geweld of intimidasie te dwing tot optrede.

Afpersing

Om geld of enige item van waarde van `n onwillige leerder te verkry of poog om dit te kry.

Baklei/Dreigemente

Fisiese konflik, dreigemente en/of uitdagings tussen leerders tydens skoolure en/of op enige plek waar die leerders as leerders van die skool geïdentifiseer kan word asook video-opnames.

Ongehoorsaamheid

Weiering deur die leerder om die skoolreëls te gehoorsaam, homself/haarself te identifiseer of om voorskrifte van die personeel te eerbiedig.

Oneerlikheid

Die gebruik en/of `n poging om gebruik te maak van inligting op `n oneerlike manier.

Die verskaffing van inligting op `n oneerlike wyse is ook `n oortreding.

Oneerbiedigheid

Oneerbiedigheid of vuiltaal, geskryf of geuiter teenoor die personeel. Dit sluit ook obscene tekens in.

Herhaalde oortredings

Nieteenstaande die toepassing van graad 1

1-strafmaatreëls, word oortredings herhaal.

Wangedrag (Voertuie)

Gedrag verantwoordelik vir die ontwrigting van die ordelike verloop op skoolbusse, asook openbare vervoermiddels.

Seksuele teistering

Stellings met 'n implisiete seksuele konnotasie of teistering; die onweloweglike betasting en/of ontbloting deur enige persoon.

Rook

Die gebruik, asook die besit van enige tabakprodukt op die skoolterrein of wanneer leerders die naam van die skool in gedrang bring.

Diefstal

Die steel of pogings om die privaateiendom van ander te probeer steel.

Dreigemente

Dreigemente (verbaal of skriftelik) gerig aan die publiek, leerders of leerkragte.

Betreding

Betreding van die skoolgebou of skoolseiendom sonder die nodige verloop.

Vandalisme

Die beskadiging van skool-, personeel- en leerderseiendom.

Stokkiesdraai

'n Gebrek aan gereelde skoolbywoning - afwesigheid sonder verloop.

Dros/Nie by toesigklas nie

Afwesigheid van individuele klasse sonder verloop asook die verloop van die skoolterrein, gedurende skoolure, sonder verloop.

Boelie insluitend kuberboelie

Om 'n medeleerder en/of opvoeder te boelie insluitend kuberboelie.

10.3 GRAAD 3-OORTREDINGS (Onwettige of baie ernstige oortredings)

’n Leerder wat skuldig is aan graad 3-oortredings kan versoek word om onmiddellik die skool te verlaat vir ’n tydperk van hoogstens een week. Aanbeveling vir uitsetting sal in die meeste gevalle die enigste alternatief wees, mits dit as ernstige wangedrag, volgens die riglyne van die Lid van die Uitvoerende Raad, beskou word.

GEDRAG

DEFINISIE

Alkohol en verdowingsmiddels

Die besit, verspreiding, versteking, gebruik, vertoning van alkohol en/of verdowingsmiddels tydens skoolure of na skoolure op die skoolterrein of wanneer die leerder as ’n leerder van hierdie skool herken kan word, of waar die leerder die skool verteenwoordig. Die bywoning van skool of skoolaktiwiteite onder die invloed van verdowingsmiddels of alkohol. Verdowingsmiddels sal ook dagga insluit.

Aanranding

’n Offensiewe aanval, fisies, met ’n skerp voorwerp, wapen of ’n naald (speld) op ’n persoon wat in konfrontasie of nie met die oortreder was. Dit kan ook ’n aanval op ’n medeleerder of personeelid wees met die oogmerk om te beseer of te besmet. Hierdie oortreding word nie net tot die skool beperk nie.

Bomdreigemente/Vals alarms

Die besit van enige ploftoestel of die maak van vals alarms rakende die teenwoordigheid van ploftoestelle in die skool of op die busse. Ook vals alarm gee ten opsigte van brande wat uitbreek.

Bende-aktiwiteite/Satanisme of Enige optrede in terme van dreigemente.

Okkultiese bedrywighede

Werwing, inlywing of intimidasie wat aan bende-aktiwiteite of ander gekoppel kan word.

Dit sluit ook die ontwrigting van die skooldag of skoolaktiwiteite in.

Onwettige optrede

Dit behels kriminele oortredings wat by die polisie aangemeld moet word.

Skuldigbevinding deur ’n hof vir ’n kriminele misdryf en indien gevangenisstraf opgelê is.

Seksuele oortreding

Enige seksuele daad (of poging daartoe) gepleeg op die skoolterrein of waar die leerder as leerder van die skool geïdentifiseer kan word, insluitende onsedelike aanranding.

Onbestendige optrede/Deelname aan of Ontwrigting van die skooldag deur geweld, aan of opsweping tot massa-aksie dreigemente aan leerders en personeellede en wanordelike gedrag.

Diefstal

Diefstal van skool eiendom en/of eiendom van personeel en/of eiendom van leerders.

Besit van gevaarlike wapens op Gevaarlike wapens sal insluit alle messe, skoolterrein vuurwapens en voorwerpe wat Aldus geklassifiseer kan word.

Ernstige wangedrag

Gedrag wat volgens die riglyne van die Lid van die Uitvoerende Raad as ernstige wangedrag beskou word.

11. REG OF WETLIKE BESKERMING EN PROSEDURE BY DISSIPLINÊRE ONDERSOEKE

11.1 Leerders, ouers/voogde het die reg om volledig ingelig te word rakende oortredings of wangedrag van leerders en die geleentheid gebied te word om op die aanklagte en/of aantygings te reageer.

11.2 Die Beheerliggaam benoem persone om te dien in die Dissiplinêre Komitee van die Beheerliggaam onder voorsitterskap van `n lid van die Beheerliggaam.

11.3 Oortredings van leerders word ingedeel in graad 1-, graad 2- en graad 3-oortredings soos vroeër hierin uiteengesit.

11.4 Graad 1- en 2-oortredings kan afgehandel word deur `n leerkrag, departementshoof, adjunkhoof of die skoolhoof, of `n kombinasie van die genoemde persone, of kan na die Dissiplinêre Komitee verwys word vir aanhoring, indien, of ouer(s)/voog(de), of leerkrag, of skoolhoof, of benadeelde persoon dit verlang. Slegs die Dissiplinêre Komitee sal gemagtig wees om skorsing as straf vir `n graad 1-oortreding op te lê.

11.5 Wanneer `n geval na die Dissiplinêre Komitee vir aanhoring verwys word, moet die volgende prosedure gevolg word:

11.5.1 Die betrokke leerder en sy/haar ouer(s)/voog(de) moet skriftelik in kennis gestel word van die klagte(s) wat teen die leerder ondersoek word, met vermelding van volledige besonderhede aangaande die klagte(s). Die skriftelike kennisgewing moet voorts die datum, tyd en plek aangee van die dissiplinêre ondersoek. Dit moet vermeld dat die betrokke leerder se ouer(s)/voog(de) teenwoordig behoort te wees om die leerder te

verteenwoordig en by te staan. Voorts moet die klagtes ten minste vyf (5) werksdae voor die datum van die dissiplinêre ondersoek in die kennisgewing aan die leerder en ouer(s)/voog(de) oorhandig word of per geregistreerde pos gestuur word. Die kennisgewing vermeld ook dat dit die ouer(s)/voog(de) vrystaan om skriftelike of mondelinge verhoë in te dien by die Sekretaris van die Beheerliggaam ter verduideliking, ontkenning of verdediging van waarom die leerder nie skuldig bevind, gestraf, geskors of uitgesit behoort te word nie en dat sodanige verhoë binne vier (4) dae na ontvangs van die kennisgewing aldus ingedien moet word.

11.5.2 Die Dissiplinêre Komitee wys `n persoon aan om as aanklaer op te tree, wat die getuienis sal aanbied en geregtig sal wees om getuies te roep en/of dokumentêre getuienis voor te lê.

11.5.3 Die leerder en/of ouer(s)/voog(de) sal geregtig wees om self te getuig, getuies te roep om namens die leerder getuienis af te lê, dokumentêre getuienis voor te lê en om enige getuie wat deur die aanklaer geroep word, te kruisvra. Die aanklaer sal op sy beurt geregtig wees om die getuie wat geroep word om namens die leerder te getuig, te kruisvra.

11.5.4 Na afhandeling van die getuienis kan die leerder, ouer(s)/voog(de) en aanklaer argumente aanvoer vir vrypraak of skuldigbevinding na gelang van die geval gebaseer op die getuienis soos aangebied, waarna die bevinding van die Dissiplinêre Komitee bekend gemaak word. Die aanklaer sal egter nie teenwoordig wees wanneer die Dissiplinêre Komitee oorweging skenk aan die uitspraak of beraadslaging welke straf na die skuldigbevinding opgelê moet word nie.

11.5.5 Indien die Dissiplinêre Komitee die leerder skuldig bevind aan die klagte(s) waarvoor die leerder voor die Dissiplinêre Komitee verskyn het, sal die leerder, ouer(s)/voog(de) geregtig wees om getuienis of inligting voor te lê ter strafversagting voordat die Dissiplinêre Komitee straf aanbeveel.

11.5.6 Na skuldigbevinding en aanhoor van strafversagtende omstandighede sal die Dissiplinêre Komitee die straf aanbeveel vir goedkeuring, bekragtiging of wysiging deur die Beheerliggaam. Die ouer(s)/voog(de) en leerder sal van hulle aanbeveling verwittig word. Na goedkeuring, bekragtiging of wysiging deur die Beheerliggaam sal die Sekretaris van die Beheerliggaam hulle per brief daarvan in kennis stel.

11.5.7 Die leerder, ouer(s)/voog(de) sal geregtig wees om binne vyf (5) werksdae na ontvangs van die brief ter bekragtiging van die Sekretaris van die Beheerliggaam, skriftelik appèl aan te teken teen die skuldigbevinding of straf, of beide by die Sekretaris van die Beheerliggaam waarna die Beheerliggaam sonder versuim 'n Appèlkomitee bestaande uit minstens drie (3) en hoogstens vyf (5) lede wat nie lede van die Beheerliggaam sal wees nie, saamstel. Indien appèl aangeteken word, word die straf aanbeveel tydens die dissiplinêre ondersoek en soos bekragtig deur die Beheerliggaam, opgeskort, hangende die uitslag van die appèl.

11.5.8 Na ontvangs van 'n Kennisgewing van Appèl stel die aangewese Appèl-komitee 'n datum en tyd vir die aanhoring van die appèl vas en word die leerder, ouer(s)/voog(de) van die leerder asook die Voorsitter van die Dissiplinêre Komitee skriftelik van die betrokke datum en tyd in kennis gestel, ten minste vyf (5) werksdae voor die datum van aanhoring van die appèl. Die Voorsitter van die Dissiplinêre Komitee of 'n verteenwoordiger deur die Voorsitter benoem, woon die appèl slegs by om die Appèlkomitee toe te spreek aangaande die skuldigbevinding en/of straf, maar sal nie teenwoordig wees wanneer die Appèlkomitee aangaande hulle bevinding beraadslaag nie.

11.5.9 Tydens aanhoor van die appèl word die dissiplinêre ondersoek nie weer de novo aangehoor nie, maar word slegs argumente vir of teen die skuldigbevinding of straf opgelê, aangehoor, van die leerder, ouer(s)/voog(de) en van die Voorsitter van die Dissiplinêre Komitee of sy verteenwoordiger.

Die Appèlkomitee sal egter geregtig wees om vrae ter opheldering te stel en indien versoek, nuwe getuienis volgens hulle diskresie toe te laat.

11.5.10 Na aanhoring van die appèl kan die Appèlkomitee die appèl handhaaf of verwerp en/of die straf opgelê, bekragtig, wysig of versag en is die bevinding van die Appèlkomitee finaal en bindend op die partye.

11.5.11 Niks in hierdie uiteensetting van prosedures by dissiplinêre ondersoeke kan geïnterpreteer word dat die leerder nie op enige stadium van die verrigtinge geregtig is om deur 'n regsverteenwoordiger verteenwoordig te word nie of dat die hersieningsbevoegdheid van 'n toepaslike hof of regte van leerders en ouers in terme van die regulasies uitgevaardig deur die Departementshoof van die OKOD uitgesluit of beperk word nie. Indien 'n leerder deur 'n regsverteen- woordiger verteenwoordig word, sal sodanige regsverteenwoordiger geregtig wees om alle handeling te verrig wat deur die leerder, ouer(s)/voog(de) in terme hiervan verrig mag word.

11.5.12 Notule word gehou van die verrigtinge voor die Dissiplinêre Komitee en tydens die appèl en dit word tesame met enige dokumentêre getuienis wat aangebied is, vir 'n periode van ses (6) maande na afhandeling van die dissiplinêre ondersoek en/of appèl, deur die skool in veilige bewaring gehou waarna dit vernietig mag word.

SKOOLREËLS

1. TOELATINGSVEREISTES

1.1 Toelating tot die skool geskied op skriftelike aansoek deur die ouer(s)/wettige voog(de) en met aanvaarding van en voldoening aan die skool se vereistes.

1.2 Die Beheerliggaam stel die leerdertoelatingsvereistes vir die skool vas. Die Beheerliggaam kan die toelatingsvereistes van tyd tot tyd hersien. Hierdie toelatingsvereistes is gebaseer op beproefde universeel verantwoordbare opvoedkundige kriteria. Dit dien uitsluitlik die kind en is daarop gemik om sinvolle en effektiewe onderrig aan die kind te voorsien.

1.3 Die toelating van leerders tot die Hoërskool Grens staan onder die beheer van die Beheerliggaam. Die uitvoering hiervan word aan die skoolhoof gedelegeer. Uitsonderings word ad hoc deur die Beheerliggaam, soos gedelegeer aan die skoolhoof, hanteer. Die toelatingsprosedure geld vir alle leerders wat by die Hoërskool Grens inskryf.

1.4 Ouers en leerders moet by die inskrywing van 'n leerder 'n vorm onderteken waarin hulle die skoolreëls, die dissiplinêre stelsel en die verpligtinge wat dit meebring, aanvaar en onderneem om daarby te hou.

1.5 Indien meegaande ondernemings nie gehandhaaf word nie, sal die leerder se voortgesette toelating tot die Hoërskool Grens in heroorweging geneem word.

1.6 Die medium van onderwys is Afrikaans. By skoolfunksies, in nuusbriewe,

sms'e, ander elektroniese kommunikasie en kennisgewings, sal dus slegs Afrikaans as voertaal gebruik word.

1.7 By toelating moet 'n leerder die volgende voorlê:

1.7.1 'n oorspronklike stawende skolastiese rekord;

1.7.2 'n oorspronklike oorplasingstifikaat;

1.7.3 'n geboortesertifikaat, rapport en relevante mediese stifikaat. Geen kopieë of afskrifte van hierdie dokumente word aanvaar nie.

1.8 Om tot `n graad toegelaat te word mag `n leerder nie meer as twee jaar ouer wees as die gemiddelde ouderdom van die graad waarin hy/sy is nie. Uitsonderings kan wel gemaak word in gevalle waar dit na oordeel van die skoolhoof en personeel opvoedkundig verantwoordbaar is.

1.9 Leerders sal slegs toegelaat word indien hulle persoonlik deur hul ouer(s)/(wettige voog(de) ingeskryf word.

1.10 Geen leerder wat aan `n aansteeklike siekte ly, mag die skool sonder `n dokter se geskrewe toestemming bywoon nie.

2. VOORKOMS VAN LEERDERS

2.1 Leerders moet tydens skoolure slegs in die voorgeskrewe skooldrag geklee wees en vir sport en ander skoolverwante bedrywighede in die gepaste voor- geskrewe drag, soos uiteengesit.

2.2 Dit word van leerders verwag dat hulle netjies en skoon sal wees wanneer hulle in die skool is en sportbyeenkomste bywoon.

2.3 Leerders word slegs toegelaat om `n armhorlosie te dra en geen verdere versiersels nie. Slegs dogters mag een voorgeskrewe balletjie in elke oorbel dra. Ooringetjies kan gekonfiskeer word. Geen vorm van grimering word toegelaat nie. Slegs kleurlose naellak word toegelaat. Naels moet kort wees. Geen juwele wat nie voorgeskryf is nie, mag gedra word nie.

2.4 Leerders se hare moet netjies versorg word volgens die voorskrifte van die skool. Die hare mag nie in die gesig hang nie en nie onnatuurlik gekleur wees nie. Geen onkonvensionele haarstyle word toegelaat nie.

2.4.1 Dogters:

Die hare moet vasgemaak word as dit oor die onderste ronding van die hemskraag hang. Slegs donkerblou of swart vasmaakgoed mag gebruik word. Geen ander haarversierings word toegelaat nie. Geen kuif mag oor die wenkbroue hang nie.

2.4.2 Seuns:

Seuns mag nie baarde of snorbaarde hê nie en moet elke oggend gladgeskeer wees. Wangbaarde moet nie laer as die oorgat gedra word nie en moet kort gesny word. Wanneer die hare afgekam word, mag dit nie oor die ore hang nie en voor moet dit twee vingerbreedtes bokant die wenkbroue wees. Hare mag nie in die nek `n stertjie vorm nie en dit mag nie `n wal of verdikking hê nie. Geen haarjel word toegelaat nie.

3. DEELNAME AAN SKOOLPROGRAM

3.1 `n Leerder moet aan die opvoedingsprogramme van die skool deelneem.

3.2 Bywoning van saalbyeenkomste is verpligtend vir alle leerders, behalwe vir diegene wat skriftelike vrystelling van die skoolhoof ontvang het.

Dit is verpligtend vir elke leerder om op aandag te staan wanneer die skoollied van die skool en die Nasionale lied van Suid-Afrika gesing of voorgedra word.

Leerders moet die amptelike landsvlag van Suid-Afrika eerbiedig en die gebruikelike eer betoon wanneer die vlag gedurende skoolure of tydens amptelike skoolfunksies na skoolure vertoon, gehys of gestryk word.

3.3 Daar word van elke leerder verwag om betrokke te wees by ten minste een somer- en een wintersport asook kultuuraktiwiteite wat deur die skool aangebied word.

3.4 Wanneer 'n leerder hom vrywillig by 'n buitemuurse skoolbedrywigheid aan- gesluit het, moet hy/sy verpligtinge en verantwoordelikhede in verband daarmee stiptelik nakom, tensy hy/sy deur die skoolhoof daarvan vrygestel word. Indien 'n leerder weens onvoorsiene omstandighede nie sy verpligtinge kan nakom nie, moet vooraf met die betrokke personeellid reëlings getref word.

3.5 Indien 'n leerder gedurende die helfte van die sportseisoen ophou tensy hy/sy beseer is of nie 'n kultuuraktiwiteit gedurende die jaar voltooi nie, sal die leerder nie erkenning vir die spesifieke jaar se deelname kry nie.

4. DEURSOEKING EN BESLAGLEGGING: BELEID EN REËLS

Indien daar 'n redelike vermoede sou bestaan om te glo dat 'n leerder enige middel of voorwerp in sy of haar besit het wat teen die wet of skoolreël is, mag die leerder se persoon of eiendom deur 'n personeellid deursoek word. Die deursoeking moet billik wees ten opsigte van omvang en doelwit. Dit mag nie uitermatig wees nie en die ouderdom en geslag van die leerder, asook die aard van die vermoedelike oortreding, moet in ag geneem word. Dit is die skoolhoof se reg om leerders sonder vooraf waarskuwing deur die SAPD te laat ondersoek.

5. GEDRAG EN OPTREDE VAN LEERDERS

5.1 Leerders moet die instruksies van die gesagsfigure, ampsdraers en leerder- verteenwoordigers gehoorsaam en uitvoer ten einde effektiewe opvoedende onderrig en vloeiende funksionering van die skool te verseker.

5.2 Leerders moet die skool tydens die vasgestelde skoolure stiptelik bywoon. 'n Leerder mag nie gedurende skoolure sonder die skoolhoof of sy gedele- geerde se verlof uit 'n klas afwesig wees of die skoolterrein verlaat nie.

Indien 'n leerder weens die een of ander grondige rede 'n deel van 'n skooldag of 'n hele skooldag afwesig moet wees en vooraf hiervan kennis dra, moet 'n verlofbrief vooraf by die adjunkhoof aangevra word. Aansoeke om verlof moet telefonies of skriftelik deur die ouer/voog gedoen word en nie mondelings deur die leerder nie.

Indien 'n leerder weens die een of ander onvoorsiene, grondige rede afwesig moet wees, moet die skoolhoof, indien moontlik nog dieselfde dag, telefonies/skriftelik deur die ouer/voog daarvan in kennis gestel word en moet die leerder wanneer hy/sy weer die skool bywoon, 'n verskoningsbrief van die ouer of voog by die graadhoof/registeronderwyser inlewer.

Indien 'n leerder voor die einde van die kwartaal afwesig gaan wees of na die aanvang van die kwartaal eers kan aanmeld, moet skriftelike of telefoniese toestemming by die skoolhoof verkry word.

Leerders word verantwoordelik gehou om agterstallige skoolwerk in te haal.

5.3 Indien 'n leerder die klas tydens lesure verlaat moet die leerder 'n toestemmingskaart van die personeellid in sy/haar besit hê. Die kaart moet met sy/haar terugkeer onmiddellik teruggegee word.

5.4 Indien 'n leerder tydens die eksamen en toetsreeks afwesig is, moet 'n doktersertifikaat by die adjunkhoof ingelewer word. Leerders wat in gebreke bly om sodanige sertifikaat in te dien, sal geen punte ontvang vir die betrokke vak of vakke wat nie geskryf is nie.

5.5 Geen leerder mag gedurende die eksamen of toetse van ander leerders afskryf, notas of enigiets wat hom/haar van inligting voorsien in sy/haar besit hê of hom/haar skuldig maak aan enige ander oneerlike optrede nie. 'n Leerder wat hom/haar skuldig maak, sal geen punte in die betrokke eksamenvak of toets ontvang nie.

5.6 Rapporte word kwartaalliks by die skool aan die leerders gegee. Leerders wat nie teenwoordig is nie se rapporte word teruggehou totdat 'n geldige rede deur 'n ouer/voog vir die afwesigheid verskaf is.

5.7 Die gebruik van alle selfone en ander elektroniese toerusting is tydens skoolure vanaf 7:30 tot 14:00 verbode. Geen selfoon mag as sakrekenaar, horlosie of kalender gebruik word nie. Die selfoon moet afgeskakel wees en nie net op silent nie en moet buite sig gebêre wees. Indien 'n leerder wel ongemagtig sy/haar selfoon gedurende skoolure gebruik, sal die selfoon afgeneem word en vir die res van die skoolkwartaal in veilige bewaring in die skoolkluis toegesluit word. Die selfoon mag aan die einde van die kwartaal afgehaal word.

Enige noodsaaklike kommunikasie tussen 'n ouer en leerder gedurende skoolure kan via die administrasiekantoor geskied.

5.8 Geen leerder mag hom/haar skuldig maak aan die besit/uitruil van digitale pornografie, selfoon of ander, aan leerders van die skool of ander persone nie.

5.9 Terwyl 'n leerder onder die skool se toesig is, mag hy/sy nie 'n medeleerder en/of personeellid se liggaamlike welsyn of sy/haar eie benadeel of in gevaar stel nie en mag hy/sy nie wapens, speelgoed of ander voorwerpe of stowwe wat liggaamlike besering kan veroorsaak, in sy besit hê nie.

Alle vorme van geweld, boelie, kuberboelie of afknouery word verbied.

5.10 Die skoolhoof of gedelegeerde het die mag om beslag te lê op enige voorwerpe wat ongerief, steurnis, skade, besering of verleentheid kan veroorsaak.

5.11 Die gebruik of hantering van tabak, sigarette, alkoholiese drank en dwelmmiddels (uitgesonderd kragtens mediese voorskrif) is verbode in die skoolgebou, op die skoolterrein of terwyl hy/sy deel is van enige groep wat die skool verteenwoordig of terwyl hy/sy in skooldrag geklee is of op enige plek waar die skool se naam in gedrang kan kom of in enige voertuig wat aan die skool behoort/georganiseer is waarin leerders vervoer word.

Geen leerder mag die skoolterrein onder die invloed van enige onwettige dwelmmiddels of alkohol betree nie of by enige van bostaande geleenthede nie.

5.12 Geen leerder mag dwelmmiddels of 'n skadelike gevaarlike middel of alkoholiese drank of aanstootlike leesstof of materiaal in sy besit hê of gebruik of verkoop of gee aan 'n ander op skoleiendom nie. Die skool het die reg om die hulp van die SA Polisie diens in te roep. Volgens die skolewet mag die skoolhoof leerders vir enige onwettige dwelmmiddels toets indien daar 'n vermoede bestaan dat onwettige dwelmmiddels gebruik is of aan die persoon is.

Leerders onder die ouderdom van 18 jaar word volgens wet nie toegelaat om nagklubs of kroë te besoek nie.

5.13 Geen leerder mag skoleiendom, of enigiets by die skool wat die eiendom is van iemand anders, vir hom/haarself toe-eien, beskadig of besoedel nie. As skoleiendom per ongeluk gebreek of beskadig word, moet dit gerapporteer word en sal daar van ouers/voogde verwag word om die herstel- of vervangingskoste te dra.

5.14 'n Leerder mag nie sonder die skoolhoof se verlof 'n selfaangedrewe voertuig/motorfiets op die skoolterrein voor, na of tydens skoolure bestuur of parkeer nie. Slegs leerders in besit van 'n bestuurderslisensie mag aansoek doen vir 'n permit om van 'n vasgestelde parkeerarea vir motors en motorfiets op die skoolterrein gebruik te maak.

Geen leerder mag 'n passasier voor, na of tydens skoolure op 'n motorfiets vervoer tensy die bestuurder 'n wettige lisensiedraer is en beide 'n valhelm dra nie. Leerders mag ook nie 'n passasier in 'n motor wees saam met 'n bestuurder wat nie oor 'n geldige rybewys beskik nie.

5.15 Leerders mag soggens voor skool en tydens pouses nie in die gange van die hoofgebou en die wetenskapblok of klaskamers wees nie, behalwe met die uitdruklike verlof van die skoolhoof of 'n personeellid. As dit reën, word leerders wel in die gange toegelaat. Leerders mag nie die kantore of die personeelkamer sonder toesig betree nie. Leerders mag nie aan enige iets op of in 'n personeellid se lessenaar sonder toestemming raak nie.

Die volgende areas is ook verbode terrein soggens voor skool en tydens pouses: ('n kaart wat die areas aandui sal in die klaskamers opgesit word.)

1. Voorkant van die skoolgebou.
2. Swembad-area en agter die saal.
3. Parkeer-area langs die saal en onder die bome.
4. Area rondom opslaanklasse en gimnasium.
5. Kelder-vierkant en badkamer langs die kelder.
6. Voorstoep van die dek en verby.
7. Slegs matrieks mag op snoepie se dak bymekaarkom.
8. A-rugbyveld en verby eerste kwartlyn van B- en C-rugbyvelde.

9. Koshuis-area.

Geen leerder mag sonder die toestemming van die skoolhoof of 'n opvoeder of enige ander personeel van die skool enige van bogenoemde areas betree nie. Oortreders sal volgens die gedragskode gestraf word.

5.16 Leerders mag geen fasiliteite en toerusting van die skool insluitende dié vir sport, buite skoolure sonder toestemming van die skoolhoof gebruik of die skoolgeboue betree nie. Geen leerders mag ongemagtigde besoekers ontvang nie. Besoekers moet toestemming by die ontvangslokaal verkry.

5.17 Geen leerder mag die hoofingang by die ontvangslokaal gebruik om in of uit te gaan nie, behalwe die graad 12's tydens eksamens nie.

5.18 Geen seniors word in die juniors se kleedkamers toegelaat nie en andersom.

5.19 Die wisseling van die klasse moet ordelik volgens die vasgestelde roetes geskied.

5.20 'n Hoë standaard van gedrag en goeie maniere word te alle tye van leerders verwag. Daar word ook verwag dat respek en bedagsaamheid teenoor alle volwassenes en medeleerders getoon sal word. Vulgêre woorde en beledigings is nie toelaatbaar nie.

5.21 Geen leerder mag hom/haar skuldig maak aan die ontwrigting van klasse nie.

5.22 Leerders moet die Leerlingraad en Klaskomitee gehoorsaam en met die nodige agting teenoor hulle optree.

5.23 Parmantigheid en teëpraters word nie toegelaat nie. Vuilspel op die sport-terrein word nie toegelaat nie.

5.24 Geen fisiese kontak soos liefkosings en hande vashou tussen leerders mag op die skoolterrein of op die sypaadjie voor die skoolgebou voorkom nie.

5.25 Leerders mag nie op die skoolterrein of in die skoolgeboue sonder toestemming vir sy eie gewin handel dryf nie.

5.26 Geen omsendbrief, kennisgewing, pamflet of plakkaat mag op die skoolterrein versprei word of op kennisgewingborde of enige ander plek in die skoolgebou of skoolterrein aangebring word, sonder die verlof van die skoolhoof of sy gevolmagtigde nie.

5.27 Die bywoning van detensie is verpligtend en leerders moet die detensiebrief wat deur die ouer(s)/voog(de) onderteken is, by die skool inlewer.

5.28 Sokkies is 'n geslote funksie slegs vir leerders van die skool. Sekuriteit tydens skoolfunksies sal baie streng toegepas word. Persoonlike deursoeking en ondersoeke van lokale/geriewe mag ter enige tyd deur die diensdoenende personeel gedoen word. Alle leerders moet na die aanvangstyd die lokaal binnegaan, waarna die buitedeure gesluit sal word. Die sluitingstyd van die funksie sal voor die tyd met die ouers en leerders uitgeklaar word.

Leerders wat hulle aan wangedrag skuldig maak, sal versoek word om die funksie te verlaat en hulle ouers sal dadelik in kennis gestel word.

Leerders wat die funksie wil bywoon, moet die betrokke dag van die funksie die skool asook skoolsport of enige ander buitemuurse aktiwiteite bywoon.

5.29 Leerders mag geen troeteldiere of ander diere sonder toestemming van die skoolhoof skool toe bring nie.

5.30 Die volgende gedrag op die sportterrein is ontoelaatbaar:

1. Verkeerde kleredrag.
2. Swak onsportiewe gedrag.
3. Uitjouery/praat as opponente deelneem.
4. Bevraagtekening van die skeidsregter se beslissings.
5. Die sing van onweloweglike deuntjies.
6. Drankgebruik en viktimisasie.

6. GEDRAG EN OPTREDE VAN LEERDERS OP BUSSE

6.1 Leerders in busse op reis na en van sportwedstryde en uitstappies moet in skooldrag geklee wees.

6.2 Gedrag in openbare en skoolbusse: Busse moet ordelik betree word. Dieselfde geld vir die uitklim.

6.3 Die volgende wangedrag sal in `n uiters ernstige lig beskou word:

afknouery, vuiltaal, bakleiery, uithang by busse, luidrugtigheid, disrespek teenoor lede van die publiek en onbehoorlike handtekens aan verbygangers.

7. REKENAARSENTRUM

7.1 Gebruik van Tegnologiese Toerusting

7.1.1 In die rekenaarsentrum sal toegang tot die tegnologiese toerusting onder die toesig van die betrokke personeel geskied.

7.1.2 Al die beskikbare hulpmiddels moet met die nodige respek gebruik word.

7.1.3 Wees te alle tye konsidrerend. `n Redelike stilte moet gehandhaaf word om nie ander persone in die lokaal te steur nie.

7.2 Wangebruik

7.2.1 Die misbruik van die internet.

7.2.2 Aktiwiteite wat lei tot die onderbreking van die stelsel of die beskadiging van toerusting/sagteware en die netwerkstelsel.

7.2.3 Om onwettige toegang tot `n ander account, vertroulike rekords en die hoofrekenaar te probeer verkry.

7.2.4 Die gebruik van `n ander persoon se account sonder wettige toestemming.

7.2.5 Die gebruik van aanstootlike vuiltaal, die stuur van haatspraak of om `n ander persoon te terroriseer.

7.2.6 Die verkryging of versending van pornografiese tekste, foto's of ander grafiese materiaal.

7.2.7 Die verkryging of versending van enige materiaal wat rassisties of seksisties is of wat beledigend jeens ander gelowe is.

7.2.8 Die skepping of installering van `n rekenaarvirus.

7.2.9 Die gebruik van die tegnologie vir persoonlike finansiële gewin.

7.2.10 Die installering en/of gebruik van enige persoonlike sagteware op enige een van die rekenaars in die sentrum sonder die toestemming van die betrokke personeellid.

7.2.11 Die verandering van die konfigurasie van `n rekenaar of die netwerkstelsel.

7.2.12 Die aflaa en installering van enige sagteware sonder toestemming.

7.3 E-pos, netwerketiket en chat-programme

Indien `n e-pos gestuur word, moet die nie-amptelike gedragskodes vir die versending van e-pos gehoorsaam word. Dit sluit onder andere die volgende in:

7.3.1 Beleefdheid. Aanstootlike taal mag nie gebruik word nie.

7.3.2 Elektroniese pos is nie privaat nie. Die stelseloperateurs het toegang tot alle pos en kan onwettige aktiwiteite aanmeld.

7.3.3 Geen chat-programme word by die skool toegelaat nie. Die veiligheid van die leerders kan in die gedrang kom. Daarom moet leerders ook versigtig wees wat e-pos betref. Adresse, telefoonnummers en ander persoonlike inligting moet nie goedsmoeds oor die internet bekend gemaak word nie.

8. BIBLIOTEEK

8.1 Boeke en tydskrifte kan daagliks uitgeneem word, maar moet betyds terugbesorg word.

8.2 Boeke en tydskrifte moet met die grootste sorg hanteer word.

8.3 Geen prente of artikels mag uit enige boek of tydskrif geskeur word nie; artikels en foto's mag wel gekopieër word.

8.4 Kopiëring van enige aard geskied teen `n minimale fooi.

9. OORTREDINGS WAT TOT SKORSING/UITSETTING MAG LEI

9.1 Provinsiale regulasies moet geraadpleeg word in die opstel van 'n lys van oortredings wat tot die skorsing van 'n leerder mag lei. Oortredings wat tot sodanige skorsing/uitsetting kan lei, maar wat nie daartoe beperk is nie, sluit die volgende in:

9.2 gedrag wat die veiligheid van andere in gevaar stel en hulle regte skend;

9.3 die besit, dreigement of gebruik van 'n gevaarlike wapen;

9.4 die besit, gebruik, oorhandiging of sigbare bewyse van dwelmmiddels of ongemagtigde middels, alkohol of bedwelgende middels van enige aard;

9.5 gevegte, aanranding of mishandeling;

9.6 immorele gedrag of godslastering;

9.7 die valse identifisering van sigself;

9.8 skadelike graffiti, haataal, seksisme en rassisme;

9.9 diefstal of die besit van gesteelde eiendom;

9.10 onwettige optrede, vandalisme of die vernietiging of ontsiering van skoolreëls;

9.11 oneerbiedigheid, afkeurenswaardige gedrag en beledigende taal wat teen opvoeders of ander werknemers van die skool of teen leerders gerig is;

9.12 herhaaldelike skending van skoolreëls of die gedragskode;

9.13 kriminele en onderdrukkende gedrag soos byvoorbeeld verkragting en teistering wat op geslag gebaseer is;

9.14 verontregting, boelie, kuberboelie, afknouery en intimidering van ander leerders;

9.15 oortreding van eksamenreëls; en

9.16 die bewustelike en opsetlike verskaffing van vals inligting of die vervalsing van dokumentasie om 'n onregverdig voordeel by die skool te verkry, met klem op die detensiebrief.

10. SKOOL- EN SPORTDRAG

LET WEL: Alle leerders moet gedurende die twee winterkwartale asook Maandae gedurende die twee somerkwartale die blou skoolbaadjie dra.

DOGTERS

DIE ROK, KOUSE EN SKOENE

Die voorgeskrewe loodgrys rok is by die leweransiers verkrygbaar. Wanneer die dogter kniel, mag die rok hoogstens 15 cm van die grond af wees. Swart skoene: winter en somer. Geen lapskoene word toegelaat nie.

SOMER

Wit kortmouhemp met oopslaankraag by die rok. Driekwartlengte swart sokkies.

WINTER

Gedurende die twee winterkwartale word `n wit langmouhemp of `n kortmouhemp met `n harde kraag, `n blou skooldas asook die blou skoolbaadjie gedra. Die voorgeskrewe oortrektrui mag met of sonder die skoolbaadjie gedra word. Swart opaque sykouse.

L. W. Om verbleiking te voorkom word ouers aangeraai om die skoolrok nie in `n masjien te was nie en om dit in die koelte op te hang om droog te word. Stryk aan die binnekant sal onooglike blink strepe voorkom.

ATLETIEK, LANDLOOP, TWEEKAMP EN BIATHLE

Die voorgeskrewe atletiekfrokke word gedra. Die frokke hang oor 'n swart kortbroekie. Spyker- of hardloopskoene en die voorgeskrewe skoolsweetpak voltooi die uitrusting.

TENNIS

Swart romp, wit skoolsporthemp met groen kraag en swart panele aan sye, tenniskoene en swart enkelsokkies.

MEISIEKRIEKET

Swart sweetpakbroek, wit skoolsporthemp met groen kraag en swart panele aan sye en tekkies.

MUURBAL

Kort swart broek, wit skoolsporthemp met groen kraag en swart panele aan sye, tenniskoene en wit enkelsokkies.

NETBAL

Eerste span: o.19A-span: swart rokke met geel patrone en kort swart sokkies.

Ander spanne: moulose swart bostuk met geel en groen insetsels en swart romp met geel en groen insetsels en kort swart sokkies.

HOKKIE

Eerste span: moulose swart rok met geel en groen insetsels en eerstespan- rugbykouse.

Ander spanne: moulose swart bostuk met geel en groen insetsels en swart romp met geel en groen insetsels en eerstespanrugbykouse.

SWEM

Swart swemdrag met voorgeskrewe swart swempet moet in kompetisies gedra word.

SEUNS

SOMER

Wit kortmouhemp met die Hoërskool Grens se wapen op die sak. Grys kouse en swart toerygskoene. Kort of lang middelgrys broek.

WINTER

Lang middelgrys broek. Wit hemp, grys kouse, blou skooldas, swart toerygskoene en blou skoolbaadjie. Die voorgeskrewe oortrektrui mag met of sonder die blou skoolbaadjie gedra word.

ATLETIEK, LANDLOOP, TWEEKAMP EN BIATHLE

Swart rugbybroek, atletiekfrokke, spyker- of hardloopskoene en die voorgeskrewe skoolsweetpak voltooi die uitrusting.

GHOLF

Wit skoolsporthemp met groen kraag en swart panele aan sye en ligte kakie- kleurige langbroek.

KRIEKET

JUNIORS (d.w.s. onder 15 jaar)

Wit Lang wit broek, wit skoolsporthemp met groen kraag en swart panele aan sye, wit kort kouse, tennis- of kriketskoene.

SENIORS

Eerste span: Wit Lang wit kriketbroek, wit kort kouse, tennis- of kriketskoene en pet. Ook 'n groen Pro 20-kriketstel.

Ander spanne: Wit Lang wit broek, wit skoolsporthemp met groen kraag en swart panele aan sye, wit kort kouse met wit tennis- of kriketskoene.

MUURBAL

Kort swart broek, wit skoolsporthemp met groen kraag en swart panele aan sye, tenniskoene en wit enkelsokkies.

RUGBY

Eerste span: Geel rugbytrui met groen insetsels, swart broek, eerstespan- rugbykouse en rugbyskoene.

Ander spanne: swart rugbytrui met met geel, groen en wit strepe, swart broek, skoolrugbykouse en rugbyskoene.

TENNIS

Wit Kort swart broek, wit skoolsporthemp met groen kraag en swart panele aan sye, wit tennissokkies en tenniskoene.

SWEM

Swart swemdrag met voorgeskrewe swart swempet moet in kompetisies gedra word.

11. SKOOLGELD

11.1 Skoolgeld word jaarliks deur die Beheerliggaam voorgestel aan die ouers op 'n Ouerbegrotingsvergadering voorgelê en indien die ouers saamstem, goedgekeur.

11.2 Skoolgeld is verpligtend en betaalbaar volgens die Skolewet, Artikel 39.

11.3 Ouers wat volgens bogenoemde wetgewing kwalifiseer vir volle of gedeeltelike verligting in skoolgeld, moet jaarliks die voorgeskrewe vorms en dokumentasie aan die Beheerliggaam voorlê.

Skoolgeld word dan volgens die departementele glyskaal vasgestel.

11.4 Versuim om volgens hierdie glyskaal die vasgestelde skoolgeld te betaal, magtig die skool om volgens die Skolewet, Artikel 40, op te tree.

11.5 Skoolgeld word jaarliks aan die begin van elke jaar gehef en 'n rente van 2% word maandeliks gehef. Reëlings om skoolgeld maandeliks of per debietorder te betaal is onderhandelbaar.

12. ALGEMEEN

12.1 Tweedehandse skoolklere is by die klerebank te koop - slegs kontant of per tjek. Klerebanktye: Maandae, Woensdae en Vrydae tydens tweede pouse.

12.2 Nuwe skool- en sportklere wat deur Time Clothing voorsien word kan by hulle winkel op die skoolterrein gekoop word.

12.3 Geen leerder mag op enige wyse die naam van sy skool in diskrediet bring nie. Leerders moet onthou dat hulle veral van die skoolterrein af hulle skool verteenwoordig.

12.4 Die besondere reëls wat vir die gebruik van die biblioteek, musiek-, tegnologie- en verbruikersklasse, rekenaartik- en ander vakklaskamers geld, moet streng nagekom word.

12.5 Leerders moet hulle tasse weens veiligheidsredes die hele dag by hulle hou.

12.6 Die skool is nie verantwoordelik vir geld of enige waardevolle artikels van leerders wat binne die skool of gedurende skoolaktiwiteite buite die skool verlore raak of beskadig word nie.

12.7 Indien leerders van vak wil verander, moet die leerder 'n brief by die skoolvoorligter aanvra sodat die nodige toestemming van 'n ouer/voog en die betrokke vakonderwysers verkry kan word.

12.8 Die skool handhaaf 'n Christelik-Afrikaanse karakter en geen leerder mag minagting teenoor die skool se kodes, skoollied en simbole openbaar nie.

12.9 Geen leerder mag minagting teenoor die Nasionale simbole en Nasionale lied openbaar nie.

Tydens die oortreding van enige van die skool se voorgeskrewe gedragskodes, word 'n leerder op 'n detensie geplaas, soos uiteengesit in die Hoërskool Grens se gedragskode.

Indien enige onsekerhede of misverstande aangaande bostaande reëls ontstaan, is die verduidelikings, interpretasies of besluite van die Beheerliggaam en skoolhoof finaal.

By toelating van die leerder moet elke ouer/voog kennis neem van bostaande reëls en hom/haar bereid verklaar om hom/haar by die reëls neer te lê deur die verklaring op bladsy 28 te teken, uit te knip en aan die skoolhoof vir liassering terug te besorg.